
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - Website address: www.stangerchristiancentre.co.za

AS JY KAN GLO, ALLE DINGE IS MOONTLIK VIR DIE EEN WAT GLO. (Mark. 9:23)

Sommige mense sal nie glo dat hulle gebed vir genesing verhoor is totdat hulle die antwoord ondervind en sien nie. Christus het nie belowe dat ons genesing sal begin voordat ons glo dat Hy ons gebed verhoor het nie. Party mense dink hulle moet aanhou bid en nie glo dat hulle gebed verhoor is, totdat hulle gesond is nie. Dit is presies die teenoorgestelde van wat die Here verlang. Kom ons kyk na **Mark. 11:24: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.** Daardie en julle sal dit verkry is, nadat jy geglo het dat Hy jou gebed verhoor het. Net soos Jesus by Lasarus se graf gebid het: **Vader Ek dank U dat U My verhoor HET,** toe Lasarus nog dood was, behoort ons te kan bid, terwyl ons nog siek is. Jesus sê: **Jy sal dit verkry,** en dit is jou bewys dat jou gebede verhoor is.

Soos ek reeds genoem het, vir geloof is die Woord van die Here, die STEM VAN DIE HERE. Hy het nie belowe dat ons genesing sal begin voordat ons glo dat Hy ons gebede verhoor het nie. As ons iets glo en vra ooreenkomstig Sy Wil, verhoor Hy ons. Ons moet kan sê: ek weet ek het dit wat ek van Hom gevra het, nie omdat ek die antwoord sien nie, maar omdat die Here getrou is wat dit sal uitvoer!



"Dit is 'n standvastig geloof wat nie verswak nie, wat die vervulling van die Here se Beloftes teweeg bring. As ons geloof onaktief word, verswak dit. As ons dit aktief hou sal dit steeds groei. Geloof is om te glo dat die Here sal doen wat Sy Woord sê."

Abraham het nie aanhoudend gebid vir die geboorte van Isak totdat die kind gebore was nie. In plaas daarvan het hy aangehou glo, en die Here verheerlik vir Sy belofte.

Josafat en die leër van Israel het nie gebid nie maar die Here met 'n luide stem geloof vir 'n antwoord op gebede VOORDAT hulle uitgegaan het om stryd te voer teen 'n sterk vyand. **Hulle geloof was die bewys** (of versekering) **van dinge wat hulle nog nie** gesien het nie **(Heb. 11:1).**

Dit is 'n standvastig geloof wat nie verswak nie, wat die vervulling van die Here se Beloftes teweeg bring. As ons geloof onaktief word, verswak dit. As ons dit aktief hou sal dit steeds groei. Geloof is om te glo dat die Here sal doen wat Sy Woord sê.

Een sekere manier om ons geloof aktief te hou en te laat groei, is deur die Woord te leer ken deur baie tyd daarmee deur te bring. **Rom. 10:17: Geloof is uit die gehoor, en die gehoor deur die Woord van God.** Gaan staan ek weer stil by die Woord van die Here. In **Eseg. 12:28** lees ons: **Daarom, sê vir hulle: So spreek die Here HERE: Geeneen van My woorde sal meer uitgestel word nie; wat Ek as Woord spreek, dit sal**

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - As jy kan glo…)

gebeur, spreek die Here HERE. Hy gaan nog verder in Jes. 55:11: **So sal My Woord wees wat uit My mond uitgaan; dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.** Die Here het Sy Woord uitgestuur en Sy volk genees. Hy sê Sy Woord sal doen wat Hom behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Hy dit stuur. (Is. 55:11). As ons nie Sy Woord ken nie, hoe kan ons verwag dat Hy daardie Woord moet laat gebeur wat in werklikheid nie daar is nie?

In Deut. 30:14-16 die Bybel sê vir ons: **Maar baie naby jou is die Woord, in jou mond en in jou hart, om dit te doen. Kyk, Ek het jou vandag voor – gehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk. Wat Ek jou vandag beveel, is om die Here jou God lief te hê, in Sy weë te wandel en Sy gebooie en Sy insettinge en Sy verordeninge te hou, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die Here jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem.**

Die Woord behoort in jou mond en in jou hart te wees. As jy die Skrif wat gaan oor genesing in jou het omdat jy dit glo, moet jy dit ook uitspreek met jou mond. Die teenoorgestelde is ook waar: as jy twyfel en ongeloof in jou hart het weens gebrek aan kennis van God se Woord, sal dit terugslae en siekte bring as dit oor jou lippe kom. Wees dus ook UITERS VERSIGTIG VIR DIE WOORD VAN JOU MOND! **Mark. 11:23: ... hy (jy) sal verkry net wat jy sê.** 'n Hindernis vir die Here is wanneer ons geloof rig op verbeterde toestande na gebed in plaas van op Sy Beloftes. Daar is geen ander rede so goed vir geloof soos die Woord nie, en Hy wil elke Christen so afrig dat hy die Here sal glo al is AL DIE ANDER DINGE WAT HY KAN SIEN DIE TEENOORGESTELDE, behalwe die Woord van die Here. **Hosea 4:6: My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.**

Ons geloof krimp deur ons oë op simptome te rig. In plaas van dit te doen moet hulle, soos Abraham van ouds, hulle geloof versterk deur hulle oë te hou op die Here se Beloftes. Sulke mense maak hulle GEVOELENS die grondslag van hulle geloof in plaas van die Here se Woord wat nie van dag tot dag verander soos 'n mense se gevoelens nie. Daar is drie belangrike kragte aan die werk in jou: feite, geloof en gevoel. Gevoelens is sekondêr – jy moet nie lewe volgens hoe jy voel nie. Jou grondslag is die feite van die Woord, die Bybel. Reageer daarop met geloof, en jou gevoelens sal volg! Party mense GLO maar DOEN niks. Geloof sonder werke is dood, dit sê die Bybel. Die Here kan net tengunste van ons reageer as ons geloof en ons optrede (werke) ooreenstem. Mark. 11:22 sê ons moet geloof in God hê – geheel en al staatmaak op Sy getrouheid.

Wanneer ons waarlik GLO sal ons geloof dink, geloof praat en geloof reageer. Vir die blinde man het Jesus gesê: "Gaan was jou in die poel van Siloam." Hierdeur het die man 'n geleentheid gehad om geloof prakties toe te pas in sy gedagtes en liggaam. Hy was nie genees voordat hy gelowig OPGETREE het nie. Hy het geglo die genesing was volbring, voordat hy dit gesien het.

Net so met Naäman, die melaatse en ook met die tien melaatses aan wie Jesus gesê het: "Gaan vertoon julle aan die priester." Daar staan geskrywe OPPAD, is hulle genees. 'n Opsigtelike geloof van hulle kant af in hulle siel en liggaam was nodig voordat hulle genesing gemanifesteer het. Sommige word nie genees nie omdat hulle hierdie orde wil omdraai. Hulle wil eers sien en dan glo, dis nie die Here se orde nie. Die wêreld sê ek sal glo as ek sien.

Wanneer die toets kom, verloor sommige vertroue en besef nie dat, soos met Abraham die geval was, die toetsing van hulle geloof is om hulle te vervolmaak, nie te vernietig nie.

Baie ontvang nie die geskrewe Woord en die beloftes daarin vervat as 'n direkte Woord van Hom aan hulle nie. Hulle faal daarin om te herken dat vir geloof is die Woord, die STEM VAN DIE HERE en die WIL VAN DIE HERE.

Dikwels is die ouderling of leraar wat vir die sieke bid vol ongeloof. Christus se dissipels, alhoewel hulle deur Hom Self uitgestuur was om duiwels uit te dryf en siekes te genees, kon nie die epileptiese kind genees nie. Toe Jesus van die berg af kom het Hy die seun genees en hulle tereggewys oor hulle ONGELOOF. Maak seker dat die een wat vir jou bid, glo en nie sê: AS DIT U WIL IS, nie, maar: HERE genees U kind volgens U (geopenbaarde) WIL.

Tradisie sê, siektes en lyding word toegelaat om as 'n soort van 'n halter te dien waarmee die

(Vervolg op Bl. 8)

"Die Woord behoort in jou mond en in jou hart te wees. As jy die Skrif wat gaan oor genesing in jou het omdat jy dit glo, moet jy dit ook uitspreek met jou mond. Die teenoorgestelde is ook waar: as jy twyfel en ongeloof in jou hart het weens gebrek aan kennis van God se Woord, sal dit terugslae en siekte bring as dit oor jou lippe kom. Wees dus ook UITERS VERSIGTIG VIR DIE WOORD VAN JOU MOND!"

FAITH IN ACTION



"Faith can actually be perceived in a person through their behaviour, speech and action, even when they are simply just displaying a quiet, but determined trust in the Lord. Faith is always evident, and often infectious by way of testimonies."

In James chapter 2 we read in verse 18: **Yea, a man may say, Thou hast faith, and I have works: show me thy faith without thy works, and I will show thee my faith by my works.** Faith can actually be perceived in a person through their behaviour, speech and action, even when they are simply just displaying a quiet, but determined trust in the Lord. Faith is always evident, and often infectious by way of testimonies.

Many sincere Christians ask the question: How can I have real faith? They know that healing as well as other blessings from the Lord are received by grace through faith, but are not sure how to have this necessary faith in order to receive. Some people frantically try to MAKE themselves believe and end up under condemnation or in despair. The truth is, that faith is not an emotion. Just as we cannot be happy through trying to "feel" happy, we cannot acquire faith by trying to "feel it" or "work it up". In order to believe, we need to ask the Lord Jesus to quicken His Word and His promises to us. The Lord's written Word becomes a reality when we read and meditate and act accordingly upon it, and trust Him to bring it to pass, as His Word promises He will do. Is. 55:11: **So shall my word be that goeth forth out of my mouth: it shall not return unto me void, but it shall accomplish that which I please, and it shall prosper in the thing whereto I sent it.**

The Bible tells us that "to each of us has been given the measure of faith". This measure of faith enables us to act upon the Word of the Lord when we hear the message of Salvation, (the Good News that Jesus saves repentant sinners), and reach out in trust to receive redemption through Jesus. God's Word, the incorruptible Seed (1 Pet. 1:23) and your measure of faith bring about the New Birth (Rom. 10:9-10). My personal definition of faith is to read and believe what the Lord Jesus commands, and then to do what He commanded, and start thanking Him for the answer.

The Measure of Faith

This measure of faith that is given to every man according to Rom. 12:3, depends for its growth upon how it is nourished and this nourishment depends on us. Often people surround themselves with things that attack and weaken their faith. They fix their eyes on people who have failed to receive rather than those who have succeeded! In other words, their eyes are on circumstances rather than the Lord's promises. Very often the literature they read, TV they watch or council of friends they receive (Job's comforters) undermine rather than build their faith. No wonder then that some people have weak faith in a time of crises and are unable to overcome.

Fellowship with those who have faith

We know that the disciples of Jesus did not start with great faith because it is recorded that they were often amazed at what Jesus did. In Matt. 8:27 we read that they marvelled when Jesus calmed the storm and remarked on the manner of man that He was, for even the winds and the waves to obey Him! As they continued to walk with Jesus, and remain with Him in situations where He displayed faith and victory over the power of the enemy, they were soon moving out in faith with the same victorious results. It is recorded that people knew from whenst this faith and power of the disciples had come, because in Acts 4:13 we read **"They marvelled; and they took knowledge of them that they had been with Jesus.:** Thus we see that one of the most important steps that can be taken to nourish faith is to fellowship with those who have faith. Some people who come for healing often want an instant miracle and yet have no desire to sit under the preaching of the Word, services where the Word goes forth to build the faith necessary for them to receive healing. We have to our regret come across some who want instant healing so that they can be on their way and continue in more or less the same spiritual condition they were in when they came. No wonder some are disappointed.

Faith comes by hearing the Word of God

We do not however build our faith on the experience of others or on their faith, or even on the improvement that exists after the prayer of faith for healing has been prayed, but rather upon The Lord's eternal Word, which is forever established. The Bible tells us that **"Faith cometh by hearing, and hearing by the Word of God."** Rom. 10:17. Jesus taught His disciples and through His teaching their faith was nourished. This same teaching is available to each one on us today and will nourish our faith. In Mark 6:1-6 we read that in Nazareth Jesus could do no mighty work except to heal a few sick people and He marvelled because of their unbelief. So, He went about the villages teaching! He knew that their level of faith depended on the amount of teaching they received. Feed on the Word of the Lord so that in an hour of need it can become your strength. It is through your faith in His Word and His ability to perform it, that healing takes place. Psalm 107:20 says: **"He sent His Word, and healed them."** We need to memorize Scriptures pertaining to divine healing and then say, as Jesus did, when Satan came to Him to tempt Him in the wilderness, **"It is written, thou shalt not tempt the Lord thy God" Luke 4:12.** Jesus said you call me Lord, Lord and do not follow My instructions. (Luke 6:46)

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - Faith in Action…)

Doubt and unbelief

As humans we sometimes forget past answered prayer which gives us faith for the future. An example of this is when Jesus said to His disciples, who were reasoning among themselves, **"oh you of little faith, why reason you …. Do you not yet understand neither remember the five loaves of the five thousand and how many baskets you took up? Neither the seven loaves of the four thousand and how many baskets you took up?"** Math. 16:8-10. Jesus was in fact saying, "you have witnessed a miracle of provision and yet you still reason and doubt. Why not live in the realm of faith, where all things are possible?" It is also amazing that human nature in its perversity; having witnessed mighty works and miracles of the Lord, still persists in doubt and unbelief. The Word tells us **that all things are possible to those who believe.** (Mark. 9:23) It also tells us in Mark 11:23-24: **"that whoever says to this mountain be removed and cast into the sea, and does not doubt in his heart, but believes that those things he says will come to pass, he will have whatever he says. Therefore I say to you, whatever things you ask when you pray, believe that you receive them and you will have them."**

The writer of Hebrews refers to those in unbelief as having an EVIL heart of unbelief (Hebrews 3:11). The Lord looks at lack of faith as a sin. Therefore we should consciously pursue the need to walk in faith and let is shine forth from our lives, so that others may perceive it and benefit thereby.

Faith through Obedience

Some people who have been disobedient to the Lord, or negligent in their Spiritual walk with Him, have no confidence when it comes to asking Him for healing or some other blessing. Their faith is weak because they are unable to come in boldness to His throne with their petitions. In 1 John 3:22 we read: **And whatsoever we ask, we receive of Him, because we keep His commandments, and do those things that are pleasing in His sight.** John is saying, that if our heart does not condemn us, then we have confidence towards the Lord. Many cannot have that confidence simply because they are not doing those things that are pleasing in His sight. They are at warfare with their own conscience. The Lord requires that we should walk daily in the light as He is in the light. If our conscience does not condemn us, we find that we have the boldness to approach Him in faith. A walk in humility before the Lord is an essential requirement and also a sure foundation to a strong faith in Him. **Heb 10:22-23: Let us draw near with a true heart in full assurance of faith, having our hearts sprinkled from an evil conscience, and our bodies washed with pure water. Let us hold fast the profession of our faith without wavering; (for he is faithful that promised;)** Unforgiveness towards others is possibly one of the greatest obstacles to answered prayer. Because Jesus forgave us, we are obliged to forgive – vengeance is the Lord's prerogative. Jesus warns us that if we do not forgive, He will not forgive us, and that barrier of the sin of unforgiveness separates us from the Lord.

Fearlessness and Boldness

Fearfulness is a sin just like any other, and the Bible tells us; that which is not of faith is sin. **Rom 14:23: And he that doubteth is damned if he eat, because *he* eateth not of faith: for whatsoever *is* not of faith is sin.** Sin always brings punishment. In Revelation 21:8, we read that **"the fearful and unbelieving will be found outside the gates of the City of God".** Many a Christian has lost out to the enemy because of fear of the devil more than the fear of the Lord. Jesus said that the enemy had nothing on Him, so if our hands are clean and our lips pure we can boldly rebuke the devil with the Word. **John 14:30: Hereafter I will not talk much with you: for the prince of this world cometh, and hath nothing in me.**

Heb. 4:16: Let us therefore come boldly unto the throne of grace, that we may obtain mercy, and find grace to help in time of need. Obviously we do so in the Name of Jesus, in which is invested great authority and power. And when we use this Name in reverence and with boldness with faith and praise, it will cause the enemy to flee. So let us arise and withstand the enemy, in boldness with clear consciences. It is easy to have faith when things are going well, but we must remember not to doubt in an hour of trial.

….And when we use this Name in reverence and with boldness with faith and praise, it will cause the enemy to flee. So let us arise and withstand the enemy, in boldness with clear consciences. It is easy to have faith when things are going well, but we must remember not to doubt in an hour of trial.

Remember that faith is simply TRUSTING the Lord to do what His Word says He will do, if we are prepared to do what He has commanded of us. This passes our intellect and all humanism. His Word says that unless we become as little children, we will not see the Kingdom of God. As an earthly father, if I promise my son a bicycle for his birthday, he believes my words and acts upon them. He immediately thanks me with great enthusiasm and joy, and then runs out and tells the good news to all his friends. It is interesting to note that he does not even entertain the possibility of the promise not being fulfilled. He does not even consider whether or not I have sufficient finance. The fact that he has not yet seen the bicycle does not affect his excitement. This is childlike faith in his father's word, and earthly fathers are sinners and can fail, but our Lord will never fail us, His Word is yea and amen, it is dependable and He is not a man that He should lie. We can with absolute certainty trust His Word completely, and when we do this He knows it, and it pleases Him to bring it to pass in our lives and circumstances.

Our words reveal what we Believe

We read in Romans 10:10-11: **For with the heart one believes to righteousness, and with the mouth confession is made to salvation. And whoever believes on Him, will not be put to shame.**

It is a fact that, that which we really believe, we will

(Continued on page 6)



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Ek wil net ons Hemelse Vader dank en prys. Hy het ons en julle gebede verhoor. My seun Braam was in 'n motor ongeluk op die 10 Maart 2005. Ons het vir Meg gebel net voordat hy in die teater ingestoot word vir 'n brein operasie. Alles het suksesvol afgeloop. Hy het vir 'n jaar geen reuk of smaak gehad nie maar alles is nou weer normaal. Sy vriend het dit ongelukkig nie gemaak nie. Braam het dit baie sleg gevat hy kon homself nie vergewe nie daar hy die voertuig bestuur het. Nadat hy uit die hospitaal ontslaan is het hy baie roekeloos geraak. Hy het gedrink by kuierplekke geboer. Ek het weer die sentrum gevra om vir my kind te bid. Ek het hom vir die Here terug gegee en vir die Here gesê: "Here net U kan hom red." Op die 16/11/08 het hy eenvoudig besluit hy hou op met drink. Wat 'n wonderlike geskenk was dit nie vir my nie. Hy sê hy het nog nooit weer lus vir drank gekry nie. Ek dank en eer die Here vir elke kosbare gebed. En ek wil net weer sê ons God is die God van die onmoontlike. Weereens baie dankie. Groete in Jesus

Mev C Ingram, Bloemfontein

Ek sê baie dankie vir u gebed! Wouter het vir 'n scan gegaan en daar is geen teken van 'n tumor nie!!

Groete Anneke

My vrou het die 18de Februarie 2009 aan u geskryf en versoek dat u vir my voorbidding moet doen. Ek was die vorige dag by ons huis dokter en na hy 'n EKG van my geneem het, het hy my onmiddellik na die spesialis verwys want my hart het onreëlmatig geklop en hy was nie gelukkig met die toets nie. Is nog dieselfde dag na die spesialis wat weer EKG's geneem het en my toe gestuur het vir 'n angiogram die dag daarna. Ek self was baie bang gewees want in die 68 jaar van my lewe het ek nog nooit probleme met my hart gehad nie. Het ook nie geweet wat om te verwag van die skielike haas van die geneeshere om my so vinnig in die hospitaal te kan kry nie. Dit is toe dat my vrou u kantoor gekontak het vir voorbidding. In hospitaal toe, die angiogram oorleef en toe die Dr. my kom besoek na die ondersoek, deel hy my mee dat hulle niks kon vind nie behalwe een klein vernouing. Dit is nie eers die moeite werd om iets daaraan te doen nie en hy gaan ook niks vir my voorskryf om te gebruik nie, want dit is ook nie nodig vir medikasie nie. Kan nie genoeg die Heer prys vir sy genesing en die wonderwerk wat hy ook deur my gedoen het nie. Ek het ook geen nagevolge van blou bene of bloeding gehad na die tyd nie. My swaer wat ook dieselfde ondersoek gehad het en ander persone met wie ek later gesels het, het almal probleme met of bloeding of blou kolle gehad. Weer by wyse dat as die Heer jou aanraak alles volmaak is. Alle Lof en Eer kom Hom toe. Nogmaals baie dankie dat ons weereens u kantoor kon versoek om saam met ons voorbidding te kon doen vir die Heerlikheid van ons God. My kleinseun Bernard Strauss het die wonderlikste genesing vir my gesien en met die dat hy so baie probleme met sy sinus het, het hy nou ook sy probleem aan u kom voorlê en wat hy vir u voorbidding vra. Ons glo saam met hom dat dit nou die einde van sy sinus probleme sal wees. God het ons nie geskape om siek te wees nie, Hy het ons volmaak geskape na sy ewe beeld en dit is Satan wat kom om te verwoes. Geseënde groet.

Mnr P Diedericks, Kempton Park

Ons kleinseun is op 7de Desember 2008 gebore, en hy het egter geelsug ontwikkel en is na Kimberley hospitaal oorgeplaas. Sy telling was so hoog dat hy op die rand van 'n bloedoortapping was. Ons het die sentrum geskakel vir gebed. U het vir hom gebid die oggend en prys die Here hy is die volgende middag ontslaan sonder enige nagevolge. Hy word nou 3 maande. Dankie vir u gebede, Groot is die Here!!

A van Heerden, Kan Kempdorp

Ek groet u almal in die wonderlike Naam van ons Koning Jesus – ons komende Verlosser! Halleluja! Vandag wil ek vra dat julle saam met my vir ons GROOT GENEESHEER dankie sê! Ek het voorbidding gevra vir myself, die kanker telling was baie hoog ek het ingebel vir gebed. Toe ek weer 'n toets laat doen het, het die telling drasties gedaal, van 58.6 na 40.9. Baie dankie dat julle saam met my gebid het!! Mag ons Hemelse Vader jul almal daar ryklik en oorvloedige seën! Die Here kry al die eer!! Dan het ek ook voorbidding gevra vir my boetie, Kosie, wat 'n hartaanval gehad het, en baie ernstig siek in intensief gelê het. Hy het wonderbaarlik herstel en het reeds begin werk. Hy het ook die rook gelos!! Prys die Here vir sy herstel!!

Mev E Lombard, Hercules

Ek wil net my getuienis vir jou sê. Jare terug het u vir my gebid vir my rug. My rug was so erg dat alles uit my hande geval het en my bene het ek gesleep, so erg was my rug. Toe hoor ons van U. My man het gebel en vertel van my rug, toe het u 'n gebed vir my gedoen, en my rug was weer reg. Prys die Here. Hy is wonderlik, al die loof kom Hom toe.

H Genis, Carolusberg

Dr. ek wil net graag getuig van God se genesing deur Sy geliefde Seun in my lewe, nie een keer nie, maar talle genesings. Hy het my maagseer genees, my rug, die werwel heel onder het geskuif. Alle eer aan God my rug is genees!! Halleluja! Na 'n papsmeer het dit getoon dat die selle in my baarmoeder verander het, 'n voorloper van kanker, dit was 28 jaar gelede, sonder behandeling tot op die laaste papsmeer. Dankie Jesus!! My regterknie se kruis ligament het mors afgeskeur, sonder operasie,

(Vervolg op Bl. 6)

(Vervolg vanaf Bl. 5 - Ons God van wonderwerke)

sonder behandeling het dokter Jesus gekom en hom aanmekaar geheg en hy is sterker as wat hy was. Ons God doen nooit maar nooit halwe werk nie, ek het my linker gewrig gebreek, sonder operasie, sonder gips, weereens die Groot Geneesheer gekom en hy het aangegroei. Ek het die een bloedvint na die ander gekry dit het my suikervlak tot 24 laat klim, ek het infeksie in my linkernier gekry en my koors was ontsettend hoog. Weereens het die liefdevolle Vader ingetree, en deur Sy Seun Koning Jesus my genees.

Karin Molenbeek, Brakpan

Baie dankie vir die weereens wonderlike nuusblad. Die Here het direk met my gepraat en wonderlike dinge aan my uitgewys, wat ek moet regmaak. Die Vader is goed en genadig. Ek het hier onder 'n paar gebedsversoeke. In my hart weet ek die Vader sal ons gebeds verhoor as ons Hom in opregheid en in geloof vra. Halleluja!

Mercia Kruger

Ek het al vir julle geskryf maar ek wil net weer my vreugde bekendmaak vir die wonderlike genesing van Antoinette Fourie deur ons wonderlike Vader. Sy is tans in Engeland, besig om te 'care' om sodoende finansieel te kan bydra vir haar gesin, want hulle het dit baie nodig.

Mev J Kleynhans, Robertson

Baie dankie vir al die geestelike leesstof wat ons al oor die jare vanaf die Sentrum gekry het en vir al die gebede wat so getrou op ons versoeke saam met ons opgestuur is. Ons getuig baie graag van die genesing van beenmurgkanker by een van ons gemeentelede, Cathy Wessels, vir wie ons voorbidding gevra het. Alle eer aan die Groot Geneesheer!

Paul en Carolien Theunissen, Kimberley

Baie, baie dankie vir julle gebede by die sentrum, my seun Calvin wat die brein operasie gehad het is gesond, is groot getuienisse, is 10 bladsye se skryf. God is goed. Dit was groot wonderwerke, hy het op die operasie tafel gesterf en God het hom miljoene mense gewys, toe word hy wakker, daar was nie hoop vir hom nie. Baie, baie dankie!!

Geen naam of adres

(Continued from Page 2 - Faith in Action…)

confess with our mouths, be it positive or negative.You only have to listen to a person's speech in order to know what that person believes, for. Jesus said in Luke 6:45: **A good man out of the good treasure of his heart bringeth forth that which is good; and an evil man out of the evil treasure of his heart bringeth forth that which is evil: for of the abundance of the heart his mouth speaketh.**

When we truly believe the Lord's promises the first indication of that belief will be what we say in response to that promise. My son's immediate response to the promised bike was, "Thank you Dad!" and our response to the Lord's promises to heal or supply in our need should be a very big and grateful "Thank you!" Thereafter we should speak about that which is promised, not with the purpose of trying to convince ourselves or others, but in demonstration of our true belief in our Lord's ability to fulfil His promises. Regarding His eternal Word, our stand point should forever be "The Lord said it, I believe it, and that settles it!" and that simply put – IS FAITH. ☐

KENNISGEWING

Ons doen 'n baie dringende en belangrike oproep aan al ons vriende wat 'n faks vir gebed of versoek aan ons stuur, om die faks te beperk tot EEN BLADSY. Dikwels kry ons 'n faks van 3 tot 10 bladsye wat onmoontlik is om te hanteer. Gee asseblief basies net die naam, adres en versoek. Baie dankie vir julle samewerking.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.



uit **Dr James** se kantoor

Geliefdes,
Baie dankie vir almal wat julle plakkertjies terug gestuur het, die pos stroom in en julle help ons wonderlik om ons werk te vergemaklik. Elke jaar gedurende hierdie tyd is ons besonder bewus van elkeen van julle kosbare mensies wat deel is van ons groot familie in Jesus.

Hierdie maand voel ek die aansporing van die Here om elkeen van ons, wat deur die geloof gedurende hierdie besonder moeilike tye waarin ons onsself bevind wandel, te bemoedig. Daar is 'n werklike gevaar om te verslap en om oorgerus te raak in ons daaglikse wandel deur te dink dat omdat ons die Here vir so 'n lang tyd ken ons vrolik kan aangaan, want "ons ken alles nou" en is gesoute gelowiges. Soos ek sê, dit is gevaarlik omdat ons sterk moet bly, dorsinstrumente vir die Here. Ons moet soos nooit te vore waak en bid en ons eie lewens bewaak, en ons geloof versterk vir elke nuwe dag. Toe Jesus met Petrus gepraat het, vir hom gesê het dat Satan hom soos koring wil sif het Hy ook in dieselfde asem bygevoeg, "maar Ek het gebid dat jou geloof nie ophou nie" (Luk. 22:32) .

Die Woord van die Here waarsku ons in **2 Tim. 3:1-4: Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God.** Ons lees ook Jesus se Woorde in Luk. 21:26: **en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word.** Maar ons prys Sy Heilige Naam vir Sy volgende woorde: **En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid. En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is.** Luk. 21:27-28

En dit is my gebed vir elkeen van ons in hierdie dae van die aanvalle en beproewings van die vyand. Die Here sê vir ons duidelik dat in die laaste dae sal daar pessiektes sal wees, en ons het nou net die vrees en media paniek gesien wat ontstaan het met die nuutste vark griep virus. Die Woord spoor ons egter in Ps. 91:10 aan dat: **Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie**! Daagliks hoor ons van geweld en misdaad in ons midde, tog sê die Here vir ons in Psalm 91 :7-8: **Al val daar duisend aan jou sy en tien duisend aan jou regterhand na jou sal dit nie aankom nie. Net met jou oë sal jy dit aanskou en die vergelding van die goddelose sien.** Die swak finansiële situasie is wêreld wyd, tog belowe die Here vir ons in Sy Woord in Filip. 4:19: **En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus.** Ons volgehoue vertroue in die Here ten spyte van alle omstandighede moet ons prioriteit in hierdie tye wees. Sy beloftes is betroubaar en sal nooit faal omdat Sy Woord vir ewig standhou! Ons is verseker van oorwinning in elke situasie, want Psalm 91:13 sê: **Op die leeu en die adder sal jy trap, die jong leeu en die slang vertrap.** En ons gaan daardie plek van rus in die Here binne omdat Psalm 91: 15-16 ons verseker: **Hy sal My aanroep, en Ek sal hom verhoor; in die nood sal Ek by hom wees; Ek sal hom uitred en eer aan hom gee. Met lengte van dae sal Ek hom versadig, en Ek sal hom my heil laat sien.**

Ons geloof moet nie faal nie, maar moet tot die einde aanhou, soos ons daagliks sterker in die Here Jesus Christus groei. Jesus het die vraag gevra of Hy met Sy terugkeer op die aarde geloof sal vind (Luk. 18:8). Sy koms is nou nader as ooit, so laat ons kyk waar ons staan ten opsigte van volgehoue geloof, omdat dit die doel en rede is vir die twee artikels in die Junie nuusbrief.

Ons bid vir alle studente vir hul halfeind jaar eksamens en vertrou die Here dat hulle sal uitblink tot Sy eer!!

Nogmaals baie dankie vir die mooi reaksie, ten opsigte van ons nuwe adres en poslys. Ons waardeer opreg julle liefde, gebede en voortdurende ondersteuning.

Mag die Here julle ryklik seën.

Baie liefde groete

Dr James

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word. Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

BOEKE, KASSETT BANDE EN CD'S

Skakel ons of skryf aan ons vir 'n lys van ons boeke, kasset bande en CD's.

Hoe om te bestel:
1. Dui asseblief die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkie langs die titel
2. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks of pos die deposito strokie saam met die lys van u bestelling

Bank besonderhede: Eerste Nasionale Bank,
Rek No: 53730091667, Takkode: 220129
Faks nr: (032) 5525411

OF, stuur 'n gekruiste tjek. As u nie u bestelling binne 4 of 5 weke ontvang nie, dan moet u ons asseblief laat weet.

(Vervolg vanaf Bl 2 - As jy kan glo….)
Here hulle toets en in Sy Wil lei, dan neem Hy die halter weg. Ek lees NIKS van so 'n liefdelose handelwyse van die Here in die Bybel nie. In Matt. 28:19 het Jesus gesê dat Sy dissipels ALLE nasies moet leer om ALLES te onderhou wat Hy hulle (Sy dissipels) beveel het tot aan die voleinding van die wêreld. Wat het Hy hulle beveel? **Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit (Matt. 10:8).** Gebrek aan doelgerigtheid en ywer wanneer God aangeroep word vir genesing is noodsaaklik. Die Here is die beloner van diegene wat Hom met ywer soek. (Heb. 11:6) Ons ontmoet mense wat al alle moontlike mediese raad en operasies gehad het vir genesing, maar wanneer hulle ten einde laaste die Here raadpleeg, doen hulle dit maar baie onentoesiasties en sê hulle "moontlik of miskien sal die Here na hulle klaagliedere luister!" Of hulle kom nou maar vir gebed omdat hulle familie so daarop aandring!

Weens swak onderrig beperk mense die Here tot wonderwerke. Wanneer sommige mense nie onmiddellik genees word nie, verloor hulle geloof en vertroue. Daar is egter onderskeid tussen 'n wonderwerk en genesing. As elke mens, hoe swak ook al, sterkte en gesond gemaak sou wees in 'n oomblik, sou daar nie genesings wees nie, wat dikwels tyd neem om te manifesteer, maar net wonderwerke. Paulus praat van die gawes van gesondmaking (genesing) en van die werkinge van kragte. (1 Kor. 12:9 en 10), Jesus kon in Nasaret geen wonderwerke doen nie, maar Hy het 'n paar siekes genees. Om genesings met wonderwerke te verwar is 'n baie algemene hindernis tot genesing in ons tyd, weens die swak onderrig wat die kerke aan hulle lidmate voorhou oor sulke uiters belangrike onderwerpe soos Goddelike genesing.

Baie keer is te veel verskonings en ontkennings gemaak, en ons wil ook aanvoer dat ons Goddelike genesing nie kan verstaan nie. Ek verstaan nie altyd Goddelike genesing volkome met my menslike verstand nie, maar dit doen nie afbreek aan die feit dat ek daarin GLO nie. Ek verstaan ook nie alles i.v.m. verlossing nie: dat Jesus bereid was om aan die Kruis te sterf vir my sondes is vir my steeds onbegryplik, maar ek GLO dit met my hele siel en verstand. Ek het dit my eie gemaak en daarom is ek verlos! Kom ons lees Joh. 5:5-9: **En 'n sekere man was daar** bad van Betesda) **wat agt en dertig jaar aan sy siekte gely het. Toe Jesus hom sien lê, terwyl Hy geweet het dat hy al 'n lang tyd siek was, sê Hy vir hom: wil jy gesond word? Die sieke antwoord Hom: Here, ek het niemand om my in die bad te sit as die water geroer word nie; en onderwyl ek kom, gaan 'n ander een voor my in. Jesus sê vir hom: Staan op, neem jou bed op en loop. En dadelik het die man gesond geword en sy bed opgeneem en geloop.**

Daar is 'n paar baie belangrike aspekte in hierdie Skrifgedeelte. Hier het 'n man al vir jare gelê met sy geloof gevestig op die water in die bad! Hierdie man was 'n Jood en behoort te geweet het dat die Wet voorsiening gemaak het vir genesing. As hy hierdie voorsiening van God benut het, kon hy lankal genees gewees het! In plaas daarvan het hy sy oë gehou op die water en 'n eenmalige roering deur 'n Engel per jaar! (Bybelstudente meen hierdie hele roering van die water deur 'n engel was 'n bygeloof!)

Dis ook toe die eerste ding wat Jesus vir hierdie man gevra het. "WIL JY GESOND WORD?" Dit klink na 'n snaakse vraag want dis tog vanselfsprekend dat almal wil gesond word. Jesus het van beter geweet, daarom hierdie vraag, want daar is baie mense wat die aandag geniet wat hulle van andere verkry weens hulle siekte of gebrek! Jy sal vind dat juis hulle siekte altyd hulle geselskap sal domineer: om te vertel daarvan – dan is hulle mos die middelpunt.

Sommige siekes kry ongeskiktheidstoelae – nou hou hulle liewer vas aan hulle kwaal want as hulle sou genesing ontvang, sal hulle die geldjies moet verbeur! Hierdie onwilligheid om genesing te ontvang word dikwels deur Satan in 'n mens se onderbewussyn weggesteek!

ONS MOET GENESING VERLANG en nie 'n verskoning soek vir onsself nie. Die man by die bad se verskoning was: "**Here, ek het niemand om my in die bad te sit nie."** Hy was dus nie net kreupel nie, maar ook vol selfbejammering en hy het ook nie vriende gehad nie! (Was dit nie dalk weens sy gesindheid nie?) Jesus was nie oop vir hierdie treurmare en verskonings nie! Hy het nie gesê: arme man en met hom gesimpatiseer nie. Hy het die situasie ferm in hand geneem en gesê: "**Staan op, neem jou bed op en loop!"** Die man het steeds die KEUSE gehad of hy wou opstaan of bly lê. ONS het die KEUSE of ons wil siek bly of genees word volgens God se Woord. Jesus het wel tot die man gespreek met hierdie woorde: Staan op, neem jou bed op en loop, maar Hy kon hom nie dwing om op te staan nie. Die man moet uit VRYE KEUSE KIES om Jesus se woorde te glo i.p.v. die verlamde toestand van sy liggaam. So wat gebeur toe? Hierdie man het gekies om Jesus se woorde te glo en hy was dadelik genees en kon sy bed opneem en loop. Is ons bereid om Jesus se woorde te glo? Heb. 13:8 sê: **Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.** (Lees ons boeke: "Oorwinnaarstaal" en "God Wil Jou Genees") □